# waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 5, NO 5, MEI 1999

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel** *Brugbou*
1 **Skrifoordenking** *Hoogspanning* Ds GJ Meijer
3 **Fokus** *Vier grafte, die reformasie en Afrika* Ds ALA Buys
5 **Op die Kerkerf** *Geloofsgroei* Dr JG Meijer
8 **Mediese Etiek** *In die Here sterwe* Dr JA Boon
10 **Persskou** *Die vrou in die spervuur* Ds GJ Meijer


REDAKSIONEEL

# BRUGBOU

Saterdag 24 April was vir die redaksie 'n belangrike en verblydende dag. 'n Klein aantal kundiges in verskeie vakgebiede het saam met die redakteurs byeengekom. Ons het besin oor die vraag: Hoe kan en moet ons Christus, ons Koning, in die lewe van elke dag optimaal eerbiedig en dien? Die samekoms is gelei deur ds Gerard Meijer. Hy het geopen met Psalms 25 en 86. Ds Wikus Buys het 'n kort en indringende toespraak oor 'vier grafte' gelewer. Die redaksie het die lesers belowe om hulle op die hoogte van sy aktiwiteite te hou. Die weergawe van ds Buys se toespraak en die besluite van die deelnemers vind u, leser, in die rubriek *Fokus* van hierdie en die volgende nommer.

Ons het diep soekend, tastend en veral biddend met mekaar gepraat. In die gees van Psalm 25.

"Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan."

Drie sake word kortliks in hierdie rubriek aan die orde gestel. Die eerste is die bestaande kloof tussen die eredienste op Sondag en die lewe van Maandag tot Saterdag. Tweedens kom die naam van ons blad weer ter sprake. Die derde saak is die behoefte aan 'n gereformeerde verklaring van die Skrif. In hierdie nommer gaan dit net oor die eerste saak.

Die nie-teoloë in die byeenkoms het opgemerk: Ons beaam die prediking wat ons elke Sondag hoor. Maar ons ondervind 'n ernstige probleem. Hoe moet die verkondigde Woord in ons gejaagde lewe van Maandag tot Saterdag funksioneer? Sondag leer ons God se skepping. In die week moet ons aanvaar dat die aarde miljoene jare oud is en dat die mens nie geskape is nie, maar deur evolusie ontstaan het. Sondag se preek verkondig: Tree sosiaal-ekonomies in diens van God op. In die week kry ons opdragte om 'n groot bedrag geld bv vir voorkoming van Vigs in stryd met die sewende gebod uit te gee. Ensovoorts. Die afstand tussen die preek en die lewe word veral in die Nuwe Suid-Afrika steeds groter. 'n Kloof tussen die rusdag en die werksweek ...

Hierdie kloof moet oorbrug word. Christus, ons Koning wat na die hemel opgevaar het, sit tog op die troon?! Ons hele lewe is tog een diens aan Hom?! Maar hoe doen ons dit prakties? Daar is ook opgemerk: Die dominee vergroot die kloof as hy op die kansel net vir die teologiese skool en studente bid. Wat van al die ander vakgebiede en dosente en studente wat daarin werksaam is? Die Here het tog seggenskap oor die hele lewe, oor alle vakgebiede?!

Die oorbrugging van die bestaande kloof kan nie sonder inspanning van beide kante geskied nie, nl. op die preekstoel en in die amp van gelowige. Dit vereis diepgaande skriftuurlike besinning van ons predikante sowel as van die lidmate wat in allerlei vakrigtings beweeg. Daar is in hierdie verband al nagedink in die Instituut vir Reformatoriese Studies. Enkele persone in die byeenkoms het hulle bereid verklaar om na te gaan in hoeverre hulle studiestukke vir brugbou aangewend kan word.

Om die kloof tussen godsdiens en lewe te help oorbrug is die doel van ons blad. Die vraag hoe ons dit die beste kan doen, word DV in ons volgende byeenkoms aangespreek. Dié samekoms sal meer gestruktureerd verloop en is voorlopig vir 21 Augustus beplan. Die redaksie belowe om die lesers ook oor die byeenkoms in te lig en versoek u om hierdie geloof-saak in gebed aan die HERE op te dra. Ons mag staat maak op die belofte dat Hy op die gebed van gelowige kinders wat Hom in die hele lewe wil dien, die regte pad sal aanwys.

SKRIFOORDENKING

# Hoogspanning

**ds GJ Meijer,**
Wonderboompoort

Hebreërs 11:7
**Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aan-gaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.**

Die Hebreërskrywer vermeld van Henog dat hy God behaag het. Henog het met God gewandel. Hy vrees God deur te leef volgens God se wil. Sy Godsvrees blyk ook uit sy profesieë teen die verderflike invloed wat van die goddelose Lameg uitgegaan het (Judas vers 14).

Sedert Henog se waarskuwende profesie het daar ongeveer 600 jaar verloop - 'n lang tyd. Gedurende daardie tyd het die mense op die aarde vermeerder (Genesis 6:1). Dit is 'n goeie ding. Die HERE het immers voor die sondeval beveel dat die mensdom moet vermeerder en die aarde moet vul (Genesis 1:28). Tog skuil daar in die uitbreiding van die mensdom na die sondeval iets besonder negatiefs. Genesis 6:2 vermeld dat die seuns van God sien dat dogters van die mense mooi was. En die seuns van God het hulle as vroue geneem: almal wat hulle verkies het.

Daar bestaan nogal verskil van mening oor wie die seuns van God is, en wie die dogters van die mense is. Hemelwesens wat met aardbewoners trou, soos dit in die 1983-vertaling uitgedruk word? Die gelowige nageslag van Set wat met die ongelowige nageslag van Kain vermeng?

Sterk manne wat in die eg verbind word met swakke mensedogters? Die antwoord is nie klinkklaar nie. Wat egter vasstaan, is die toename in goddeloosheid wat dié huwelike tot gevolg gehad het. Die seuns van God het willekeurig vrouens gekies. Die manne vat wie hulle wil en soveel soos hulle wil. Daar is geen sprake van Godsvrees waar dit kom by die aangaan van 'n huwelik nie. By dit alles word daar op geweld geteer. Die sterkste oorwin. Die sogenaamde "manne van naam" voer die botoon.

Die HERE se oordeel hieroor is vernietigend. Die HERE sien die boosheid van die mens. En Hy besluit om 'n einde aan die verdorwe wêreld te maak. Mense sowel as diere moet verdelg word, want die HERE het berou dat Hy hulle gemaak het. Dit is nie dikwels wat ons in die Skrif lees dat die HERE berou kry nie. Dit dui daarop dat die HERE die ontsettende breuk van die sonde sien en van vooraf 'n nuwe begin daarstel.

Teen hierdie agtergrond het God met Noag gepraat. God het sy ingrypende besluit vir Noag bekend gemaak. Die Hebreërskrywer sê dat Noag 'n goddelike waarskuwing ontvang het. Uit Genesis 6 weet ons wat die inhoud van die waarskuwing is. God het vir Noag gesê dat die aarde deur 'n watervloed verdelg gaan word. Met die oog daarop moet Noag 'n ark van goferhout bou. Hierdie opdrag van God was vir Noag gewis nie maklik nie. Hy moet 'n skip op droë grond bou, waar geen see in sig is nie. Bowendien moet hy aanvaar dat God die aarde gaan verdelg, terwyl die manne van naam, die geweldenaars, skynbaar voorspoedig op aarde leef. Die Hebreër-skrywer konsentreer baie sterk op hierdie saak. Noag ontvang 'n goddelike waarskuwing oor iets wat nog nie gesien was nie.

Tog reageer Noag positief op God se Woord. Ook al sê die mense wát, Noag is gehoorsaam aan die HERE. Dit is geloof. Geloof is om in opdrag van God 'n ark te bou waar geen water in sig is nie. Geloof is om die oordeel van God te verwag wat oor alle mense kom. Geloof is om alle goeie dinge soos reën en werkgeleenthede van die hemelse Vader te bly verwag, ook al lyk die toekoms hoe donker. Geloof is om aan God se beloftes aanhoudend vas te hou, ook al word die lewe vir jou moeilik gemaak. Geloof is om bo jou omstandighede uit te kyk en die almagtige werke van die hemelse Vader te bly raaksien. Geloof is om vir die soveelste keer jou kop op te tel en nie uit pure moedelooosheid alles langs jou neer te sit nie. Geloof is om vir die HERE te wag dat Hy op sy tyd sal oordeel oor hulle wat jou onberekenbare skade aandoen.

*WAARHEID EN DWALING kan nie sonder betydse finansiele ondersteuning voortbestaan nie.Die administrasie versoek hiermee aan die groot getal intekenaars,wat nog nie betaal het nie,om dit asseblief te doen.*

Noag bou die ark - in geloof. Dié yslike projek het nie ongesiens by die mense om hom verbygegaan nie. Sy bure kon die hamerslae hoor, die ark uit die grond sien verrys. Elke slag was 'n appèl: God gaan oordeel, die watervloed is aan die kom. Hoogspanning. Tog was die getimmer nie die enigste appèl wat Noag gemaak het nie. Petrus skryf in sy tweede brief (2:5) dat Noag prediker van geregtigheid was. Noag het gepraat oor God se reg. Hy het die vinger op die mense se boosheid en sonde gesit. Hy het dit vir jare lank gedoen. Honderd en twintig jaar voor die sondvloed het die HERE al sy voorneme bekend gemaak om die aarde te verdelg (Genesis 6:3). Ons kan daarop reken dat Noag vir 'n groot deel van daardie honderd en twintig jaar gepreek het. Juis daarin maak God sy lankmoedigheid voor die sondvloed bekend (1 Petrus 3:20). Elke hamerslag en preek was 'n roep om bekering - genadetyd!

Maar die mense het hulle nie aan Noag gesteur nie. 'n Watervloed wat die hele wêreld gaan oordek? Nooit gesien! 'n Skip op droë grond? Dit maak geen sin nie. Noag kan maar stilbly. Die lewe gaan rustig aan, ondanks al God se waarskuwings. Die hoogspanning word geïgnoreer, asof dit nie bestaan nie.

In Lukas 17 wys die Here Jesus op die sorgeloosheid van die mense in Noag se leefwêreld. Noag het al in die ark ingegaan, die oordeel was op hande: toe het die mense nog geëet en gedrink, getrou en in die huwelik uitgegee - asof daar niks gaan gebeur nie. Net so sal dit wees die dag as Christus op die wolke weerkom. In Lukas 17 lê Christus die verbindingslyn tussen die sondvloed en sy wederkoms. So min soos wat die mense in Noag se dae gepla was oor God se komende oordeel, so min is die mense van die eindtyd gepla oor Christus se wederkoms.

Dit is feite. Wie is ingestel op die dag van oordeel wat enige tyd kan aanbreek? Beslis nie die plesiermakende wêreld nie. Ook al word God se Woord verkondig, druk die wêreld sy ore en oë toe. Die HERE kan hoe hard praat deur Sy Woord en deur ingrypende gebeurtenisse soos knellende droogtes, verwoestende aardbewings, dodelike siektes, vernietigende oorloë. Dit bring geen grootskaalse inkeer nie.

En wat van òns wat aanspraak maak op die naam Christen? Wat doen òns met die prediking: die hoorbare en die sigbare prediking van God se Woord? Hoe reageer ons as God ons soms voelbaar vermaan wanneer ons afdwaal of insink? Die oproep is radikaal: eet, drink, plant, bou, koop en verkoop, trou en kry kinders - welbewus tot eer van die enige ware God. Die lamp moet vol olie wees. U moet die wederkoms van Christus vol blydskap, met sekerheid inwag.

Want dan lê daar 'n ryke erfenis voor - soos vir Noag. Noag het die ark gebou volgens die instruksies wat die HERE aan hom opgedra het. Die ark het uiteindelik gedien tot redding vir hom en sy huisgesin. Daarvan sê die Hebreër-

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos: jgmeijer@iafrica.com
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 60 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@smartnet.co.za

skrywer: Noag het 'n erfgenaam geword van die geregtigheid wat volgens die geloof is. 'n Erfgenaam is iemand wat 'n erfenis ontvang. Vir daardie erfenis het hy nie self gewerk nie, hy verdien dit dus nie. 'n Erfenis is 'n geskenk, 'n genadegawe. So is Noag deur God begenadig met geregtigheid, met vryspraak. Die waterdood wat al die ander mense tref, tref hom nie. Nie omdat hy sonder sonde is of was nie. Inteendeel, dink maar aan die latere geskiedenis van sy dronkenskap en alles wat daarmee saamgaan. Tog het Noag geglo; en hy leef uit geloof.

As Noag nie geglo het nie, het hy geen ark gebou nie. En het ook hy verdrink, net soos al die ander. Sy konkrete geloofslewe was sy redding. Die apostel Petrus trek in sy eerste brief die lyne deur vanaf Noag na Christus. Die spieëlbeeld van die sondvloed is die doop. Doopwater sny ook na twee kante: òf dit laat jou verdrink, òf dit laat jou leef. Doopwater wys heen na Christus se bloed, sy kruisdood en opstanding. Of ons glo in Chistus tot redding, òf ons verwerp Hom tot eie verderf. Die skerp punt waaroor dit gaan, is dit: wie in Christus glo, moet sy geloof beleef.

Dit beteken nie dat ons nou weer elkeen 'n ark moet gaan bou nie. 'n Tweede watervloed sal daar nie wees. Wat ons te doen staan, is om die redding van Christus positief in geloof te aanvaar. Maak erns met elke goddelike waarskuwing wat u ontvang. Maak reg wat verkeerd is. Wees wakker onder die hoogspanning van Christus se wederkoms.

---

FOKUS

# VIER GRAFTE, DIE REFORMASIE EN AFRIKA

**Ds ALA Buys**, Piet Retief

Elke geslag moet opnuut vir homself die beloftes van God toeëien of dit verwerp. So moet ook die huidige geslag gereformeerdes in Afrika herbesin oor hulle rol. Hierdie herbesinning is 'n vraag oor wat reformasie nou eintlik is, veral wat die amp van die gelowige alles behels in vandag se Afrika.

Om aktueel die betekenis van reformasie te beleef moet ons van vier grafte kennis neem. Baie idees trek tou om die dominerende krag in ons leefwêreld te wees. Indien ons nie die kaf van die koring skei nie kan ons maklik in 'n doodsakker trap.

## Onbekende graf

Die post-modernisme het deesdae 'n gonswoord geword. Dit wil voorkom asof alles wat tans vreemd en onaanvaarbaar is met hierdie vlaggie gedek wil word. Tog is alles wat skeef loop nie post-modernisties nie. Die kerk, ook die GKSA, stry reeds dekades lank teen die liberalisme. Dit is 'n vrysinnigheid wat elke keer 'n nuwe baadjie aantrek maar die grondgedagte bly dieselfde: ek as mens wil nie gebind wees aan wat God sê nie, ek is my eie baas. Die liberalisme werk dus met 'n relativering van die waarheid.

Daar is 'n skynbare verdraagsaamheid by die liberales. Elkeen kan maar doen soos hy goed vind. In kerklike gesprekke vergestalt die liberalisme meermale in die vraag: "Wat maak dit nou saak, solank ek maar net hemel toe gaan". Hierdie verdraagsaamheid is egter pure skynheiligheid. Daar is niemand so onverdraagsaam soos 'n liberalis nie - juis omdat hy almal wil dwing om liberaal te dink. Jy kan alles aan 'n liberalis sê, moet net nie sy voetstuk bevraagteken nie. Dan word die lang messe uitgehaal.

## Verdra

Ons mag nie die ou liberale skynheilige verdraagsaamheid verwar met die nuwe post-moderne vorm van verdraagsaamheid nie. Albei is relativisties. Albei sê die waarheid is maar 'n persoonlike saak. Die post-modernis is net baie meer akkomoderend as die liberalis. Post-moderne verdraagsaamheid sal heeltemal inskiklik wees teenoor 'n gereformeerde perspektief en inset. Om die waarheid te sê, hulle beskou die gereformeerde kant as noodsaaklik vir die gesprek om by die (tydelike) waarheid uit te kom.

Om die post-moderne gesprekstafel sal die gereformeerde sy gereserveerde plek met sy naambordjie aantref. Hierdie verdraagsaamheid van die post-moderniste, wat verskil van die liberale verdraagsaamheid, wat aan die gereformeerde stem geen gehoor wil verskaf nie, is uiters verleidelik en gevaarliker. Die gereformeerde kan dink, bloot omdat hy toegelaat word om aan die gesprek deel te neem, dat hy besig is met sending en uitbreiding van die evangelie. Hy kan homself op die skouer klop dat hy toegang het tot plekke wat voorheen ontoeganklik was.

Tog kan hierdie verdraagsaamheid juis die gereformeerdes se onbekende graf beteken. Deurdat die post-modernis van die gereformeerde 'n gespreksvennoot maak, word die evangeliese getuienis ontkrag. Die post-modernis is nooit van plan om gereformeerd te word nie, hy parasiteer op ander denkstelsels - juis omdat hy geen inherent unieke stelsel het nie. Hy kan trouens ook nie een hê nie, want die waarheid (van wie ook al) is vir hom onbekend en onbereikbaar.

Indien ons die amp van die gelowige wil stimuleer, en werklik evangelies gesprekke wil voer, moet ons

nie as genooide gas aan die post-moderne debat deelneem nie. Ons moet nie tevrede wees met "'n gereformeerde perspektief op sake nie", of ons troos dat daar darem so iets bestaan as "die stem van Potchefstroom" nie. Dit is nie genoeg nie. Alle oproepe dat die kerk nou skielik moet kennis neem en aanpas by die post-moderne mens is 'n lokstem na 'n onbekende graf.

## Regering vanuit die graf

Nie net die amerikaans westerse post-modernisme is 'n graf nie. Uit Afrika self kom 'n graf wat die kerke bedreig. Daar word tans veel gemaak van die Afrika Renaissance (vgl. adjunk pres. Thabo Mbeki se nuwe boek: "Africa - the time has come", Tafelberg- en Mafube uitgewers). Hierdie Afrika herlewing as wedergeboorte is grootliks ongedefinieerd.

Tog sal dit drie elemente bevat wat ons nou al bedag op moet wees. Die renaissance sal uit en uit ubuntu gerig wees. Die voorvader-verering in al sy skakerings en implikasies gaan al hoe meer na vore tree. Die huidige grondhervorming dra reeds die kenmerk daarvan. Die dooie voorvaders se stem is wet, daar gaan dus 'n regering vanuit die graf wees. Op teologiese terrein gaan dit beteken dat stemme gaan opgaan om veral die werk van die Heilige Gees te herdefinieer sodat dit meer versoenbaar gaan wees met die voorvader-gedagte.

Tweedens gaan die renaissance poog om die westerse tegnologie oor te neem en te gebruik sonder om die westerse waardestelsel oor te neem. (Die westerse waardesisteem moet nie met die gereformeerde siening gelykgeskakel word nie). Dit het in die ooste al gebeur dat westerse tegnologie gekoppel word aan die oosterse filosofie. Minister Jay Naidoo se "African connection rally" is 'n goeie voorbeeld van 'n poging tot ubuntu tegnologie.

Derdens gaan daar wel met die Christendom in gesprek getree word, maar nie om volledig na die evangelie te luister nie. Hierdie Afrika hergeboorte mag nie verwar word met die wedergeboorte wat die Heilige Gees gee nie. Die Afrika renaissance gaan aan die Christen, en spesifiek ook die Afrikaner gelowige, vra: Wat is jou en jou kerk se bydrae tot die hergeboorte en opbou van Afrika? Ons moet dus op die uitkyk wees om nie evangeliese uitbreiding te verwar met moderne voorvader-aanbidding nie, of diakonale hulp met staatshulp-programme nie. Veral die diakonieë sal nougeset moet handel volgens Christus se opdragte en nie volgens dooie voorvaders nie.

## Verseëlde graf

'n Derde graf wat vermy moet word is die konserwatisme. Die veranderings rondom ons geskied teen so 'n snel tempo dat dit jou lighoofdig maak. 'n Natuurlike, maar uiters gevaarlike teenreaksie teen veranderings is om die verlede in te vlug. Geen nuwe denke word toegelaat nie, ons heil lê maar net om sogenaamde beproefde stelsels weer op te diep, af te stof en daarvolgens te leef. Hierdie konserwatisme is 'n verseëlde ou graf wat meen God is 'n God van die verlede. Net wat in die verlede gesê is, is geldig. Enige nuwe ding is verkeerd, nie omdat dit dalk teen God se wil is nie, maar net omdat dit nuut en vreemd is.

Met konserwatisme is hervorming gedoem om 'n nostalgiese denkreis na die verlede te wees, toe alles mooi, goed en rustig was. Reformasie is om altyd nader na die Woord van God toe te verander. Ons mag nie so skrik vir verandering dat ons die verandering wat die Heilige Gees te weeg wil bring ook gaan teenstaan nie.

Die konserwatisme is veral gevaarlik op twee gebiede. Eerstens koppel konserwatisme bykans altyd met nasionalisme met die gevolg dat 'n religieuse fanatisme ontstaan. Generaal Franco van Spanje het dekades terug sy Rooms Katolieke konserwatisme gekoppel aan Spaanse nasionalsme. Daaruit is die Spaanse fascisme gebore. Hierdie Rooms Katolieke Europese voorbeeld word gegee juis om aan te toon dat die gelowige Afrikaner nie patentreg daarop het nie. In hierdie dae van rewolusionêre veranderings gaan ons geloofskrag nodig hê om onder die hand van God te verander al meer na die beeld van God. Om per definisie teen verandering te wees, om onnadenkend konserwatief te wees, beide teologies en polities, is om die Heilige Gees te bedroef. Dit beteken om na 'n muwwe verseëlde grafkelder te gaan as woonplek.

## Oop graf

Die opregte gereformeerde wil niks met hierdie drie grafte te doen hê nie. Ons staan by 'n ander graf. Die oop graf van ons Here Jesus Christus. Ons soek Jesus, die Verlosser, nie by die dooies nie. Hy is die lewende, die een wat opgestaan het, en ons verlos het van die dood - en ook van dooie idees wat doodmaak.

Ons is verlos van die post-moderne relatiwisme en ons is verlos van skynheilige verdraagsaamheid. Jesus Christus is die waarheid. Hy is kenbaar en bekend by ons. Daarom is ons nie gevlei as die post-modernis ons nooi vir 'n gesprekkie nie. Ons word ook nie om die bos gelei deur die post-moderniste in ons eie kerkverband nie. Hulle staan by die grafsteen waarop staan: Vir die onbekende God. Die HERE het 'n Naam, 'n bekende, verskriklike Naam: Jesus Christus die opgestane Verlosser en Regter van relativisme.

Ons is verlos van die dooies se stemme uit die grafte. Afrika kort 'n wedergeboorte, maar dan onder die stem van die lewende Seun van God, en nie onder leiding van die dooie seuns van Afrika nie.

Ons verwag die opgestane Here wat sal kom op die wolke. Met hierdie geloof kan ons ook gehoorsaam met ons eie geskiedenis omgaan. Ons kan die hand van God daarin sien, sonder om alles wat in die verlede gebeur het te verhef tot lewensnorm vir die hede.

Jesus Christus se graf is oop. Dit is die enigste graf wat blywende betekenis het vir die hele Afrika. Die belofte wat ons geslag opnuut weer vir ons omstandighede moet vasgryp.

# TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KERK (2)

# GELOOFSGROEI

Dr JG Meijer, Pretoria

**Die Heilige Gees roep die ampsdraers om die heiliges vir hulle diens in die kerk en in die koninkryk toe te rus. Die omvang van hierdie toerustings-opdrag word in Efesiërs 4:11-16 kortliks geskets. Ons lees dié volsin weereens ten einde die inhoud diep op ons te laat inwerk. "(11) En Hy (ons Verlosser wat na die hemel opgevaar het) het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, (12) om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, (13) totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; (14) sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; (15) maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, (16) uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde." Die syfers tussen hakies in die artikel verwys na die tekste hierbo.**

Ampsdraers wat die gemeente vir diens in die kerk toerus, vestig volgens Efesiërs 4 die aandag op drie mikpunte. Hulle ywer vir geloofseenheid, -groei en -keuse. Verlede maand het ons oor die toerusting met die oog op geloofseenheid nagedink.[1] Nou gaan dit oor die groei in die geloof.

## Groei

Groei is 'n proses, toeneem in grootte, in omvang, in lengte. Groei is 'n eienskap van die geloof. "Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Libanon. Geplant in die huis van die HERE, sal hulle groei in die voorhowe van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra; hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat die HERE reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie."[2] Geloofsgroei - God beveel dit. "Verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei."[3] "Julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus."[4]

In die lang volsin van Efesiërs 4 wemel dit van woorde wat op geloofsgroei wys. Die doel van toerusting deur die voorgangers is die "opbouing van die liggaam van Christus" (12). Jy sien die gebou, die kerk, hoër oprys, die liggaam van die Here groei. Ons "kom tot", groei uit "tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (14). Die gemeente groei op "in Hom wat die Hoof is" (15). Elke lidmaat bevorder "die groei van die liggaam" (16). En ten slotte wys die apostel nogmaals op die opbou van die liggaam van Christus "in liefde" (16).

Wat is dit, om op te groei in Christus? Hoe moet die ampsdraers die Woord bedien en hanteer om die gemeente te laat groei in die geloof? Ons laat ons in die besinning hieroor lei deur een van die skatboeke van die kerk. Die Heidelbergse Kategismus bely die geloofsgroei in uitdrukkings soos "hoe langer hoe meer", "altyd meer en meer". Voorgangers wat hierdie belydenis en die Skrifgedeeltes waarna die Kategismus verwys, in prediking, huisbesoek en katkisasie laat spreek, aktiveer die lidmate. Elkeen persoonlik en die kerk in sy geheel groei in Christus op (15). Die woorde "in Christus" gee aan die Heiland die sentrale plek in hierdie groeiproses. Opgroeiende gelowiges word in die loop van die lewe al hoe sterker aan Hom verbind. Hulle ken en dien Hom steeds meer en intiemer as die Man van smarte, hulle Verlosser en die Hoof van sy liggaam.

## Die Man van smarte

Die Kategismus vra op die man af: "Waaruit ken jy jou ellende?" Die kort antwoord lui: "Uit die wet van God".[5] Elke Sondag hoor ons die wet. Jaarliks kom die verkondiging van die wet in die kategismus-prediking aan die orde. Waarom, waartoe? Die HERE wil dat ons groei in sondekennis. Hy laat die wet predik "sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken".[6] Dit gebeur ook daadwerklik. Hoe ouer die gelowige word, des te meer groei sy skuldbesef. As die Here dié een wat sonder sonde is, nooi om die eerste klip op die owerspelige vrou te gooi, gaan die beskuldigers weg, "deur hul gewete bestraf, een vir een, van die oudste af tot die laaste toe".[7] Ja, van die oudste af ...

Ons leer ons sonde nie slegs uit die wet nie, maar ook uit Christus se lewe op aarde ken. Die vier evangelies teken die Here Jesus as die gawe paradys-mens. Hy wandel in sy staat van vernedering egter nie - soos Adam weleer - in 'n paradys nie. Rondom Hom is die woestyn van die sonde. Die Man van smarte[8] volbring Gods wil in die sondige wêreld. Sy liefde, sy toewyding, sy diens van God is volmaak. Nooit soek Hy sy eie wil nie, maar altyd die wil van die Vader wat Hom gestuur het.[9] In die nag van die verraad, by die ingang na die diepte van sy lydensweg, bid die Man van smarte: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil".[10]

God hou in die wandel van die Here Jesus in sy vernedering die spieël aan ons voor. Dié lewenswandel is heeltemal volgens die eis van sy verbond. Die HERE het behae in dié mens wie se hele hart en lewe op Hom gerig is. Daar was in die hele geskiedenis maar een so 'n mens, onse Here Jesus Christus. Hy het konsekwent gelewe uit die begeerte: "Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande."[11] Die onvoorwaardelike en volkome

---

1 Sien die artikel "Toerusting vir diens in die kerk (1)" in *Waarheid en dwaling* 5(4), April 1999:4-6.
2 Ps 92:13-15.
3 1 Pet 2:2.
4 2 Pet 3:18.
5 HK, antw. 3.
6 HK, antw. 115.
7 Joh 8:7-9.
8 Jes 53:3.
9 Joh 5:30.
10 Matt 26:39.
11 Ps 40:9.

gehoorsaamheid en liefde van Christus - dit moes ons s'n gewees het. Wie gelowig Jesus se gehoorsaamheid, toewyding en liefde met die diens van God in sy of haar eie lewe vergelyk, kom tot die ootmoedige belydenis: Ek is ver van dié volkomenheid. Ek maak my skuld elke dag groter.[12]

Opgroei in Christus beteken eerstens die voortdurende vergelyking van sy en my gehoorsaamheid aan die wet van God en aan die God van die wet. Die slotsom van die vergelyking? Hy is die enigste Een wat voor God se regterstoel kan bestaan. Wat my en alle ander mense betref ... "As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, HERE, wie sal bestaan?" Indien Christus slegs as spieël aan ons voorgehou word, bly ons almal in ons sonde. Die psalmdigter in die ou bedeling weet gelukkig reeds meer. Hy ken die evangelie van genade en verlossing. Onmiddellik na sy versugting volg die jubelsang: "Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word".[13]

## Die Verlosser

By U is vergewing ... Waarom? Omdat Die HERE Hom ontferm en in sy ontferming sy verbondsreg handhaaf. Hy is en bly regverdig in sy barmhartigheid. Hy stuur sy Seun om in ons plek aan sy reg te voldoen. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê... Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom."[14]

Opgroei in die Seun as Verlosser ... Nou kyk ons weer na Hom in sy staat van vernedering en aanvaar Hom gelowig as ons Plaas-bekleder. Hy het die wet van God in ons plek volbring. Wat doen die Regter? Hy ruil Christus se regsposisie met dié van die gelowiges uit. Jesus se gehoorsaamheid word ons s'n. Ons ongeregtigheid en oortredings word Syne. Ons straf? Hy het dit gedra en aan die kruis weggedra, toe Hy uitroep: "Dit is volbring". Die hemelse Regter plaas Christus se geregtigheid en heiligheid, asook sy skuld-betaling op die rekening van elkeen wat glo. Die uitspraak van die Regter? Jou skuld is betaal, afbetaal op Golgota.[15] Jou Saligmaker het vir jou gehoorsaam die wet vervul, vir jou neergedaal na die hel, in die ewige dood.

Nou verstaan ek dat die HERE sy wet so streng en absoluut afkondig en laat verkondig. Dit geskied nie om die gelowiges in pessimistiese vrees vir die ewige straf te laat wegsink nie. Inteendeel; die Heilige Gees laat die steeds dieper ontdekking van sonde saamgaan met die steeds "groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus".[16] Sonder ellende-kennis soek geen mens verlossing nie. "Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is."[17] Die verlange na die vergewing van sondes om Christus wil word met die toenemende skuldbesef steeds groter. Altwee groei saam in die lewe van elke gelowige. Die Heilige Gees bewerk dit in sy kragveld. Ons groei op in Christus, die Man van smarte. Die aanhoudende gebed 'Vergeef ons om Christus wil' word gedra deur die al hoe vaster oortuiging: Buite Hom is my lewe reddeloos verlore.

## Die Hoof van die gelowiges

Die gelowiges word verder deur die ampsdraers toegerus om die Heiland steeds meer as hulle Hoof te erken (15). Dit wil sê: Hulle eerbiedig hulle Verlosser wat hulle vir die prys van sy lewe gekoop het, as hulle Heer en Meester. Sy wil word al hoe meer hulle wil. En hulle groei in heilige afkeer van alles wat Hy haat.

Geloofsgroei ten opsigte van die kwaad hou in dat "ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe".[18] Afsterwing van die ou mens is 'n proses. "Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom ook hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug."[19]

Opgroei in die Hoof behels positief die hartlike lus om steeds hegter aan Hom verbind te word. Ware gelowiges "begeer om" deur die gebruik van die genade-middele (die diens van Woord en sakramente) "hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter".[20] Dié begeerte word deur voortdurende gebed vergesel. Hierdie gebed: "Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp".[21] Die verhoring van die gebed lei tot 'n "hoe langer hoe meer" godvresende en onbesproke lewe,[22] tot 'n "altyd meer en meer" vernuwing "na die ewebeeld van God".[23]

Opgroei in Christus is 'n proses. Elke gelowige groei in skuldbesef, in die gebed om vergewing van sondes om Christus wil en in 'n nuwe lewenswandel. Groei in die kragveld van die Gees geskied persoonlik, maar nie los van die gemeenskap van die heiliges nie.

## Die Hoof van die kerk

Daar is samegang in die opgroei-proses. Efesiërs 4 spreek die kerk in sy geheel toe. Ons kom almal (saam) tot die eenheid van die geloof (13). Ons betrag (saam) in liefde die waarheid en groei (saam) op in Christus, die Hoof van sy kerk (15). Die apostel het die 'saam' reeds in die vorige hoofstuk beklemtoon. Ons kan "saam met al die heiliges" ten volle begryp "wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is" en "die liefde van Christus" ken.[24]

Die samegang van die gelowiges doen niks af van die persoonlike opgroei in Christus nie. Inteendeel, elke lid stel hom in die stadium van sy of haar persoonlike geloofsgroei in diens van die hele liggaam. Elke lid gee met sy en haar gawes en kragte "ondersteuning" aan die liggaam en bevorder sodoende die groei daarvan (16). Individualisme, soek van eie belang, streling van eie 'vroomheid', die vraag 'wat kan ek in die kerk kry', staan haaks op die evangelie. Ons ontvang in die kerk om te gee, te ondersteun, die groei van die liggaam (die kerk) te bevorder, in onderwerping aan die wil van die Hoof.

Samegang in geloofsgroei. Die Skrif leer dit. Die kerk bely dit ooreenkomstig die leer van die Skrif. As ons gelowig nagmaal vier, bely ons nie slegs persoonlik ons geloof in die Heiland nie, maar word ons ook deur die Heilige Gees "al hoe meer met sy geseënde liggaam verenig ... Dit wil sê dat ons deur een Gees - soos die ledemate van die liggaam deur een siel - ewig lewe en geregeer word".[25] Die Hoof van die kerk is onlosmaaklik met sy kerk verbind. Wie die Here liefhet, het ook sy kerk lief.

---

[12] HK, antw. 13.
[13] Ps 130:3-4.
[14] Joh 3:16, 36.
[15] HK, antw. 60 en die tekste waarna in dié antwoord verwys word.
[16] HK, antw. 115.
[17] Matt 9:12.
[18] HK, antw. 70.
[19] HK, antw. 89.
[20] HK, antw. 81.
[21] HK, antw. 123.
[22] HK, antw. 70.
[23] HK, antw. 115.
[24] Ef 3:18-19.
[25] HK, antw. 76.

Samegang in geloofsgroei is die vrug van gehoorsame amptelike werk in die gemeente. Die lidmate wat deur die ampsdraers toegerus is tot geloofsgroei, gaan mekaar toerus. Ouers stel as doel van die opvoedingstaak: Ons kinders moet in Christus opgroei, Hom as Hoof van hulle lewe eerbiedig. Sy wil sal vir hulle heilige wet wees. Bybelstudie-groepe soek geloofsgroei, opbou van elke lid. Ons omgang met mekaar - in besoeke, gesamentlike in- en ontspanning - word al hoe meer op die groei van die liggaam gerig. Ons hou mekaar vas en help mekaar verder in die liefdediens van Christus en bind mekaar aan sy Woord.

## Saam groei in die kerkverband

Samegang in geloofsgroei, in onderwerping aan die Hoof ... Daarvoor lewe ook plaaslike kerke saam in die kerkverband as gemeenskap van heiliges. Een Gees, een Woord van God stimuleer alle kerke tot toename in die geloof.

Die Latynse woord 'klassis' beteken leërafdeling, vloot. Elke skip maak deel van die konvooi uit. Plaaslike kerke 'vaar' in een en dieselfde rigting. Die Griekse woord 'sinode' beteken saam op pad. Die doel? Groei van elke plaaslike kerk in gehoorsaamheid aan die Woord van Christus, die Hoof van al sy kerke.

Die praktiese uitlewing van so 'n kerkverband? Net soos die lidmate in elke plaaslike kerk gedra al die kerke hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God. Die gemeentes verwerp alles wat daarmee in stryd is. Hulle erken Jesus Christus as die enigste Hoof.[26] Die kerke bind mekaar aan en hou mekaar vas op die fondament van die kerk, die lewende en lewend-makende Woord. Dit doen hulle in die rondvraag in die klassis.[27] Hulle doen en ontvang kerkvisitasie vir geloofsgroei van die kerke.[28] Afgevaardigdes na meerdere vergaderings oorweeg, oordeel en besluit in volstrekte onderwerping aan die Hoof van die kerk.[29] Sy Woord - daarvoor buig elke kerklike vergadering. In so 'n kerkverband word die kwaad van independentistiese en hiërargiese optrede in die krag van die Gees weerstaan. Tot behoud en geloofsgroei van die kerke en al die lidmate en boweal tot eer van ons almal se Hoof.

## Selfbeproewing

Die leer van die Skrif oor geloofsgroei dring elke gelowige ampsdraer, lidmaat en kerkraad tot voortdurende selfbeproewing en beplanning van aktiwiteite met die oog op blywende groei. Vrae wat by skriftuurlike selfbeproewing ter sprake kom, is onder meer die volgende:

### *Ampsdraers en kerkraad*

* Leer die gemeente deur ons amptelike arbeid die Here Jesus genoegsaam as die Man van smarte ken? Is sondekennis en skuldbesef sodanig dat lidmate toenemend na vergewing om Christus wil verlang?

* Leer die lidmate deur die amptelike werk die Heiland genoegsaam as hulle enigste Verlosser ken?

  Besef hulle onder andere in die lig van Jesaja 53 dat Gods volk deur reg verlos word, deur toerekening van ons ongeregtigheid aan Christus en van sy geregtigheid en heiligheid aan ons? Weet en glo elke belydende lidmaat dat die Here op Golgota sy verdiende straf gedra en weggedra het?

* Is die amptelike werk genoegsaam gerig op die Hoof van die kerk? Neem die insig in die gemeente toe dat Christus Hoof is in ons huwelik, gesin, opvoeding van kinders, in- en ontspanning? En word Hy steeds meer as die Hoof van die hele lewe erken en eerbiedig?

* Is die bydrae van elke lidmaat tot die groei van die liggaam voldoende? Wend elkeen sy en haar gawes tot nut en saligheid van die ander lidmate aan?[30]

* Wat onderneem die kerkraad in die kerkverband om geloofsgroei in alle kerke te bevorder? Watter instruksie gee hy aan sy afgevaardigdes met die oog op independentistiese optrede van een of meer susterkerke?

* Ontvang die kerkraad kerkvisitatore met die oog op geloofsgroei van die kudde wat aan sy sorg toevertrou is?

* As daar enige tekorte in die amptelike werk is, wat beplan en voer die kerkraad uit om daardie tekorte in geloof en in die krag van die Heilige Gees weg te werk?

### *Lidmate*

* Staan Christus in my lewe sentraal? Bring die vergelyking van sy en my diens van God in die lig van die wet my steeds meer tot die oortuiging dat ek my skuld by God elke dag groter maak? Soek ek my verlossing gaandeweg meer buite myself in die Here Jesus? Neem my dankbaarheid toe vir sy wetsvolbringing en offer aan die kruis om my van sondes vry te koop?

* Erken en eerbiedig ek my Heiland meer en meer as my Hoof? Het Hy in my lewe seggenskap: in die keuse van my eggenoot, in my huwelik, gesinbeplanning en gesin, in my werk, in my bydraes vir die kerk, in my ontspanning, in die leesstof wat ek verkies (en nie verkies nie), ensovoorts?

* Wat is my bydrae tot die groei van die liggaam? Wend ek die gawes, wat God aan my gegee het, tot nut en saligheid van die ander lidmate aan? Aanvaar ek elke lidmaat wat Christus aan sy liggaam, die kerk, toegevoeg het soos die Here my aanvaar?

* Toets ek optrede en besluite van my ampsdraers aan die Woord?

* Wat beplan ek en beloof ek biddend aan die HERE in die geval van tekorte in my diens van God of in dié van ampsdraers? En wat onderneem ek om die plan en belofte in dade om te sit?

Toerusting vir geloofsgroei ... Kerke wat van krag tot krag gaan in die geloof. So word die Hoof van die kerk verheerlik. Geloofsgroei bring ook tot keuses in die geloof. Daaroor gaan dit DV die volgende maand.

---

[26] NGB, art. 29.
[27] KO, art. 41.
[28] KO, art. 44.
[29] KO, art. 31, 33, 46, 53, 54.
[30] HK, antw. 55.

# EUTANASIE VANDAG

Dr JM Boon, Pretoria

*Die feit dat eutanasie (genadedood) in ons samelewing 'n plek begin kry, is as gevolg van die feit dat ons in die postmoderne tyd op 'n sekere manier begin dink het oor die mens en die betekenis van sy lewe. Dit maak dit moontlik dat 'n praktyk wat vir baie eeue taboe was, nou as normaal beskou word. As die mens eers die band met God en sy gebod deursny, moet hy nie verbaas wees om uiteindelik ook die band met sy medemens te verloor nie en hou hy uiteindelik net homself oor.*

## Eutanasie vandag

In verskeie lande is daar bewegings wat die wettiging van eutanasie voorstaan. Tans is daar egter slegs in Nederland, Oregon State in die VSA en Queensland in Australië wette wat eutanasie toelaat. Ook in Suid-Afrika het die debat tans begin en het die regering reeds 'n kommissie aangewys wat met moontlike wetsontwerpe na vore gekom het. Die inhoud daarvan laat groot ruimte vir eutanasie.

## Wat is eutanasie?

Maar, wat is eutanasie? In die postmoderne konteks kan eutanasie gedefinieer word as die doelbewuste terminasie van 'n pasiënt se lewe deur 'n geneesheer. Soms word daar tussen passiewe en aktiewe eutanasie onderskei. Passiewe eutanasie is dan die oorlaat van 'n bestaande siekteproses in 'n pasiënt wat dan tot die dood van die pasiënt sal lei, terwyl by aktiewe eutanasie gedink word aan 'n ingreep van die geneesheer, wat direk die dood van die pasiënt tot gevolg sal hê. Die staking van behandeling tydens sogenaamde passiewe eutanasie is egter ook 'n aktiewe besluit en dus nie so passief nie. Dit is daarom beter om gewoon te praat van die beëindiging of terminasie van behandeling wat lyding in 'n sterwende pasiënt kunsmatig verleng. Dit het met eutanasie in vandag se konteks niks te make nie. Behandeling word nie gestop om die dood van die pasiënt te veroorsaak nie. Die pasiënt sterf as gevolg van die siekte wat nie meer langer behandel kan word nie. Mediese behandeling wat wel nodig is, maar nie gegee word nie, moet ook as eutanasie gesien word. Die noodsaaklikheid van behandeling moet op mediese gronde en nie op grond van die kwaliteit van lewe gegee word nie. Die weerhouding van noodsaaklike behandeling in 'n ou, eensame of verstandelik vertraagde pasiënt, is gelykstaande aan eutanasie.

Die vraag hoe ons as Christene dink en doen ten opsigte van vrae omtrent die einde van ons aardse lewe, is belangrik om te vra. Ons moet egter ook weet hoe die postmoderne mens oor die einde van ons aardse lewe dink.

Tans sterf 2,5% van alle Nederlanders as gevolg van eutanasie. Hierdie syfer verteenwoordig die gerapporteerde aantal. Daar is aanduidings dat heelwat gevalle nie aangemeld word nie. Dit blyk uit 'n onlangse ondersoek van die KNMG (Koninklijke Nederlandse Maatschappij der Geneeskunst) in Utrecht.

Die aantal mense wat op hul sterfbed vra vir eutanasie, word al hoe meer. Al hoe meer dokters het ook geen probleem om eutanasie op versoek toe te pas nie. 'n Onlangse studie toon dat slegs 9% van alle dokters in Nederland nie eutanasie sal uitvoer nie. Daarvan sal slegs 2% ook nie 'n pasiënt wat daarom vra, verwys na iemand wat dit wel doen nie. Duitse pasiënte wat in hul eie land nie die dodelike inspuiting kan ontvang nie, omdat eutanasie as 'n kriminele oortreding in Duitsland beskou word, kan wel na Nederland kom om dit te ontvang. Onlangs is daar selfs 'n film gemaak deur 'n dokter wat die hele proses van eutanasie, van die terminale siekte van die pasiënt, tot die dodelike inspuiting, uitvoerig aantoon. Die film is gemaak met die doel om aan te toon hoe "menslik" die hele proses van eutanasie is.

## Waar kom die gedagte vir eutanasie vandaan?

Hoekom is dit so dat daar vandag gedink word soos hierbo geskets? Hoekom is dit so dat daar vandag in die mediese praktyk plek gekom het vir iets wat oor honderde jare as 'n "taboe" gesien is - dat die dokter die lewe van sy pasiënt neem op versoek van die pasiënt? Hoe het dit gekom dat daar vandag wette bestaan wat ons die reg gee om 'n wet wat daar vir eeue was te verbreek?

Om hierdie vrae te beantwoord moet ons gaan kyk na 'n paar grondliggende gedagtes in ons huidige samelewing tov die gesondheidsorg. Dit kan o.a. verdeel word in drie grondliggende gedagtes :

- Die outonomie van die pasiënt,
- Die verabsolutering van die tegniek,
- Die gedagtes tov die kwaliteit van lewe.

### *1. Die outonomie van die pasiënt*

Ons het in die postmoderne tyd op 'n sekere manier begin dink oor die mens en sy lewe. Die gedagte dat die pasiënt outonoom is, het sterk die denke in die gesondheidsorg begin beïnvloed. Daar is duidelik wegbeweeg van die modernistiese denke wat meer klem gelê het op die verhouding tussen mense. Die horisontale beklemtoning van die menslike, veral gestempel deur die humanisme, het sterk die denke van die moderne mens bepaal. In hierdie mensbeeld het die belang van die verhouding tussen dokter en pasiënt baie aandag gekry. Die terapeutiese effek van hierdie verhouding was fundamenteel. Verskeie beginsels oor die aard van hierdie verhouding is uitgewerk, byvoorbeeld:

- die holistiese benadering tot nie alleen die pasiënt nie, maar die gesin in geheel;
- die konteks van die verhouding;
- die rol van die verhouding in voorkomende sorg;
- die verhouding in die lig van verskeie ander ondersteunende dienste, soos verpleging, fisioterapie, arbeidsterapie, maatskaplike werk, die sielkunde ensovoorts;
- die subjektiewe en objektiewe aard van die verhouding.

Hierdie gedagte van die mens binne verhoudings het egter op 'n horisontale vlak gebly. Die vertikale, nl. God en sy gebod, het nie in die dokter-pasiënt verhouding 'n rol gespeel nie. Die pasiënt is egter wel in konteks van andere, soos sy gesin, gesien. Die postmoderne mens reken egter al hoe meer ook af met die horisontale of menslikheid in die dokter-pasiënt verhouding.

Die postmoderne denke oor die dokter-pasiënt verhouding het wegbeweeg van die rol van die dokter in die verhouding en fokus sterk op die outonomie van die pasiënt, ja selfs absolute outonomie van die pasiënt.

Sy versoek tot eutanasie is amper 'n bevel. Die postmoderne denke in die gesondheidsorg het dus uit die modernistiese denke ontstaan. Die modernistiese denke behou nog die horisontale verhouding, maar die postmodernistiese denke behou slegs die outonome individuele pasiënt.

Dit is duidelik dat die postmoderne mens nader aan die heidendom staan as die moderne mens omdat hy ook die horisontale band afbreek.

Wie eers die vertikale band met God en sy gebod deursny, moet nie verbaas wees om uiteindelik net homself oor te hou nie, want hy sny al gou die horisontale band met sy naaste af.

Die humanisme eindig daarom altyd in 'n individualisme.

Die sesde gebod, waar God die lewe op horisontale vlak beskerm, het geen fondament in sy lewe nie. As Christene moet ons teenoor die outonomie (self-wet) die teonomie (God se wet) stel.

### *2. Die verabsolutering van die tegniek*

Die geweldige ontwikkeling van die tegnologie het vandag ook 'n groot invloed op die gedagtes omtrent eutanasie. Die gesondheidswetenskappe het 'n diensverskaffer geword en bied 'n groot aantal dienste aan vir die kliënt. Gewoonlik het hierdie dienste 'n tegniese dimensie; selfs die psigiatrie is vandag geweldig tegnies ingerig. Die pasiënt is dan 'n klant wat van hierdie produkte kan gebruik maak om 'n doel te bereik, naamlik om gesond te bly.

Vir elke denkbare gesondheidsprobleem word 'n diensverskaffer en diens aangebied. Ja, die dokter word die gesondheidsvoorsiener en die pasiënt die gesondheidsontvanger genoem.

Indien 'n pasiënt aan hartversaking lei word daar verskeie toetse gedoen om sy siekte te diagnoseer; daarna word medikasie aangebied. Indien dit nie meer werk nie kan hy 'n pasaangeër kry, en indien dit nie meer werk nie kan hy 'n hartoorplanting kry.

Natuurlik is dit pragtig dat ons hierdie hulpmiddels van God ontvang. As dokters mag ons dit gebruik en as pasiënte ontvang. Dit word egter vandag los van sy oorsprong en buite 'n opdrag van die Here gesien. Dit is die reg van die outonome pasiënt om te ontvang van al die gesondheidsdienste wat op die mark is. Sodoende ontstaan terme soos gesondheidsvoorsieners en gesondheidskliënte. Die tegniek word nou 'n tegnisisme. Eutanasie is dan ook net 'n heel konsekwente deurvoer van hierdie mensbeeld. As daar dan geen middel of operasie of tegniek op die gesondheidsmark meer moontlik is vir die terminale siekte nie, dan kom die versoek om die laaste tegniese hulpmiddel, die dodelike spuit met langwerkende spierverslapper. Ja, die verabsolutering van die tegniek het 'n groot invloed op die postmoderne mens. Dit is so sterk dat hy op sy sterfbed, onder die waan van outonome beheer oor die tegniek, nie eers meer sy medemens en sy verhouding tot hulle raaksien nie, om nie eers van God te praat nie.

Die tegniese verabsolutering (tegnisisme), het egter ook 'n besinning aan die gang gesit oor die sin van allerhande behandelingsopsies in die terminaal siek pasiënt. Beteken al die behandelings nie maar net 'n uitstel van lyding nie? Wat is die sin van lyding? Moet daar nie maar 'n einde aan gemaak word nie? Is dit nie die dokter se primêre taak om lyding te verlig nie? Waarom dan lyding uitrek? Dit is hierdie vrae wat JH van den Berg in sy boekie "Medische macht en medische ethiek", vra. Hy pleit vir 'n etiek wat lewe verleng, nie as dit moontlik is nie, maar as dit sinvol is. Dit is dan ook daarom dat hy tot die slotsom kom dat 'n dokter behandeling mag staak as dit lyding sinneloos uitstel (bv. om nie vir 'n pasiënt met verspreide lewerkanker en wat longontsteking ontwikkel, 'n antibiotikum te gee nie). As Christene mag ons inderdaad nie lyding sinneloos uitstel nie. Om dan behandeling gemik op genesing te weerhou is in ooreenstemming met ons priesterlike taak. Dit beteken egter nie dat sorg tov die sterwende pasiënt weerhou word nie. Hier het ons as Christene 'n geweldige taak tov palliatiewe sorg. Palliatiewe sorg is omvattende versorging van 'n sterwende of ongeneeslike pasiënt.

Dit is egter jammer dat Van den Berg nie 'n verdere uitwerking gee van wat sinvol is nie. Daarom kom hy ook tot die slotsom dat 'n dokter ook 'n pasiënt aktief sou kon doodmaak, as sy toestand sinloos is. Hierdie boekie wat talle drukke beleef het, word dan ook beskou as dat dit die weg help baan het vir die huidige eutanasie-wet in Nederland.

Die rol van palliatiewe sorg het daarom 'n steeds kleiner plek in 'n samelewing wat die pasiënt-outonomie bo alle goed verhef en waar die sin van lewe nie vanuit die Skrif bepaal word nie.

### *3. Gedagtes oor die kwaliteit van lewe*

Die kwaliteit van lewe is vandag 'n bekende begrip wat baie gehoor word. Dit word gewoonlik gesien as dat die lewe slegs waarde het as jy fiks en gesond is. Kwaliteit van lewe word as 't ware objektief deur markkragte in die gesondheidswetenskappe bepaal.

Om die betekenis van siekte en lyding in 'n mens se lewe te vind, is 'n ongewone en amper ondenkbare begrip in ons postmoderne samelewing. Die vraag na die betekenis van siekte en lyding in 'n mens se lewe skuif op die agtergrond met die vraag na die kwaliteit van so 'n lewe vir die pasiënt en sy omgewing.

Die begrip kwaliteit van lewe het die etiese meetsnoer van ons samelewing geword. Hierdie begrip veronderstel egter dat daar lewe is wat van minder kwaliteit is. Die vraag kom dan na vore wie gaan bepaal watter lewe aan die kwaliteitstandaarde voldoen? Wie bepaal die kwaliteitstandaarde? Die realiteit leer ons dat dit deur die gees van die tyd bepaal word. Die postmoderne gees bepaal gewoonlik hierdie kwaliteitstandaarde. Dan val gebreklike kindertjies, verouderde mense, terminaal siekes, kwadrupleë en onder die maat van die standaarde.

As Christen-dokters, -verpleegsters en ander werkers in die gesondheidswetenskappe mag ons egter in gehoorsaamheid aan God en sy gebod, Hom liefhê en daarom ook ons naaste soos onsself. Hierin het ons 'n opdrag van die Here, waarin ons die versorgingstaak van die terminaal sieke op ons neem, met die tegniese hulpmiddels beskikbaar sonder om dit te verabsoluteer. Hierin mag ons ook gebruik maak van die menslike hulpbronne wat die Here gee (priesterlike taak). Verder bely ons ook dat die sin en kwaliteit van lewe begrippe is waarvan God die inhoud weet en bepaal. As dokters en verpleegsters mag ons God se kwaliteit bely (profeties). Dan val die versorging van gebreklike kindertjies, verouderde mense, terminaal siekes, kwadrupleë en andere binne die raamwerk van God se soewereine wil.

Ten slotte mag ons stry teen die postmoderne tydgees wat God se goeie gebod ten opsigte van ons en ons naaste se lewe vergeet.

Palliatiewe sorg (versorging van die terminaal sieke), word dan vir die Christen-dokter en -verpleegster 'n taak met 'n pragtige inhoud. Daaroor volgende keer.

# DIE VROU IN DIE SPERVUUR

**Ds GJ Meijer**, Wonderboompoort

**Susan Coetzee-Van Rooy het op 10 April die spreekwoordelike kat in die hoenderhok losgelaat met 'n kort briefie in die dagblad *Beeld*, waarin sy haar instemming betuig met die Hervormde teoloog, dr. Yolanda Dreyer, se standpunt ten opsigte van die plek en die taak van die vrou in die kerk. 'n Stroom van kommentaar het op dié brief gevolg. Uit die reaksie kom - buiten die reeds bekende vraagstuk rondom die vrou in die amp - 'n veelheid van ander sake na vore. Met hierdie persskou word gepoog om 'n oorsig oor die hooflyne van die debat te gee. Enkele kritiese opmerkings en vrae word aan die einde gestel.**

- ***Susan Coetzee-Van Rooy se eerste brief het die volgende inhoud:***

**Diskriminasie teen vroue**

Ek stem met dr. Yolanda Dreyer saam: diskriminasie teen vroue in die kerk is nog lank nie iets van die verlede nie. Nêrens is dit so duidelik as in my kerk nie - die Gereformeerde Kerk.

In die Hervormde en NG Kerke word vroue darem al toegelaat tot alle ampte: nie net die amp van gelowige nie, maar ook dié van diaken, ouderling en leraar. Ek is seker dat vroue in dié ampte nog nie volledig aanvaar word nie en dat hulle soms nog diskriminasie sal beleef. Ten minste erken hierdie kerke al dat God ook vroue roep - anders as my kerk.

Die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke het die hantering van hierdie saak al by herhaling uitgestel. Soos lesers aan my van sien, is ek 'n genetiese Dopper en was nog altyd lojaal teenoor my kerk se mense.

*Die onvermoë van my kerk om hierdie saak te hanteer, is egter besig om my baie te laat wonder oor hoe welkom ek en my gawes dan nou eintlik in hierdie organisasie is. Ons gemeentes sukkel om diakonieë vol te maak, maar weier om bereidwillige en begaafde vroue by hierdie sake te betrek. Soos dr. Dreyer sê, vroue is die meerderheid en daarom beskikbaar.*

- ***In* Beeld *van 13 April reageer dr. Callie Coetzee soos volg:***

**GKSA nie uit pas met ander Gereformeerdes**

Die GKSA staan nie in 'n verhouding van een kerkverband met die NH en NG Kerke nie, hoewel ons reeds jare met mekaar in gesprek is oor die dinge wat ons uitmekaar hou (waaronder die kwessie van die vrou en die besondere dienste).

Die GKSA onderhou wel kerklike korrespondensie met kerke van Gereformeerde belydenis dwarsoor die wêreld (Amerika, Korea, Japan, Skotland, Nederland, Australië, Nieu-Seeland).

Dit is opmerklik dat slegs een van al hierdie kerkgemeenskappe (Die Nederlandse Gereformeerde Kerken) vroue tot die diakenamp (let wel, nie as ouderling of predikant nie) toelaat en dan alleen waar dit sonder beswaar of spanning gedoen kan word.

Die Christian Reformed Chrurch in Amerika het na jarelange studie en stryd op sinodes finale besluitneming en uitvoering oor hierdie saak vir die soveelste maal uitgestel tot 2000.

So onlangs soos November 1998 het die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland op grond van 'n baie deeglike studie van die Skrif tot die besluit gekom dat vroue nie tot dié besondere dienste toegelaat word nie.

Die besluit van die GKSA is dus nie uit pas met dié van Gereformeerde Kerke wêreldwyd nie en is eweneens geneem ná jarelange studie op grond van die Skrif. Intussen is die ordelike weg steeds oop vir enigeen wat met nuwe gegewens kom, om die kerke te versoek om die besluit in heroorweging te neem.

*Daar moet ook in dié saak gevra word wat sê die Bybel, en nie met wêreldse terminologie soos "diskriminasie" gewerk word nie.*

- ***En ds. Hennie van Wyk skryf:***

**Nie demokrasie, maar teokrasie**

Die GKSA glo nie in sy kerkregering aan demokrasie (meerderheid regeer) nie, maar aan teokrasie (God regeer).

Die Sinode het al in 1988 'n Skrifgefundeerde besluit geneem oor die 'Vrou in die amp'. Daarmee het sondaarmense die Woord van God bestudeer en tot 'n gemotiveerde antwoord gekom. Niemand kon nog uit die Skrif hierdie besluit verkeerd bewys nie.

... Die motivering om duidelike Skrifuitsprake soos 1 Korintiërs 14:33-35 en 1 Timoteus 5:9-16 met slim redenasies kragteloos te maak, kan net geleë wees in die feit dat die mens slimmer as God probeer wees.

*... Ons moet nie op humanistiese gronde probeer om dit wat God eie aan man en vrou gemaak het, ongedaan probeer maak nie.*

In *Beeld* van 15 April verskyn 'n hele aantal briewe wat by die gedagte van Susan Coetzee-Van Rooy aansluit en bogenoemde teoloë weerlê.

- ***Mev. J. Pieterse-Bouwman verwys na die vrou in die amp in die Nederlandse Gereformeerde Kerke:***

**Dis dan 'n splinter van 'n splinter**

*Twee vriendinne van my uit die lieflike stadjie Hattem het my onlangs geskryf: "Half Maart hebben we een echtpaar (albei dominee) als predikanten gekregen, ieder 50% werkzaam. Lijkt me een goed plan. Vanmorgen doopbediening en een goede preek gehoord met haar als voorganger."*

- ***Dr. Irma J. Kroeze skryf:***

**Hartseerste dinge van enige kerk**

Om op 'n paar tekste van Paulus te steun vir die standpunt oor vroue is gewoon inkonsekwent. Heelwat ander Pauliniese voorskrifte word eenvoudig nie meer toegepas nie omdat hulle

in die huidige konteks nie meer sin maak nie. Hoekom word die een oor vroue in stand gehou?

Antwoord: vooroordeel.

*Die feit dat baie kerke met die GKSA saamstem, is nie 'n oortuigende argument nie. Baie mense saam kan net so verkeerd wees soos min mense saam.*

• **Hanna Scheepers skryf in dieselfde gees:**

**God diskrimineer nie oor sy vrou is, mans wel**

Ek is totaal oortuig dat die Woord van God deur die Heilige Gees geïnspireer is, maar ek besef ook dat die brief aan die Korintiërs deur 'n man geskryf is wat in 'n gees van baie onsekerheid 'n ordelike kerk moes skep.

Dit is nie 'n maklike taak nie en as dit vir hom nodig was om vroue stil te hou sodat hy sy gedagtes kon orden om dit te doen, aanvaar ek dit. Dit is egter baie jare later en ek is jammer om te sien dat ds. Van Wyk net soos Paulus steeds bedreig voel oor die rol van die vrou in die kerk.

*Jesus het so baie dinge nuut gemaak. Hoekom nie ook die belaglike idee dat vroue onderdanig moet wees nie? Dit is nie God wat teen my diskrimineer omdat ek 'n vrou is nie. Dit is mans soos ds. Van Wyk wat na my mening tekste in die Bybel vanuit 'n eng, manlike en erg chauvinistiese standpunt interpreteer.*

• ***Hans Brits voeg daaraan toe:***

**Verlos uit klooster, ingekluister**

Ons moet erken dat Paulus 'n Joodse geleerde was wat vanuit 'n bepaalde konteks geskryf het.

.... Die Bybel is deur mense geskryf wat in 'n ander wêreld met ander gebruike as ons geleef het.

... Roep die Here nie dalk vroue net soos Hy mans roep nie, en laat ons nie dalk toe dat die kerk (mense) die roeping van die Here stuit nie?

*Is die vrou nie ook geestelike leier vanweë haar amp as koning, priester en profeet nie?*

• ***Sim van der Spoel* (Beeld *van 16 April):***

**Studeer jare om wiel uit te vind**

'n Mens moet bewondering hê vir die moed van 'n geneties-gereformeerde vrou wat dit waag om kritiek te lewer op die mensgemaakte dogmas van die kerk en daarmee op die waardigheid van ons broeders.

... Die geleerde teoloë is dan al jare lank besig om niks anders te doen as om te studeer om die wiel te probeer uitvind nie.

... Ek, wat in die Dopperhemel bly, met dieselfde genetiese afwyking, weet waarmee die skrifgeleerdes hulle besig hou: vergadering ná vergadering. Hulle kan jou alles vertel oor kelkies, gesange, vroue, liturgie, kerkorde - vroeër was dit hoede en baadjies - maar niks van die honger van duisende mense wat smag na die Evangelie nie.

... *Die meeste predikante sal in hul hart saamstem dat as dit nie vir die vroue in die gemeente was nie, die kerke, menslik gesproke, nie meer sou bestaan nie. As hulle hul maar net by die eenvoudige uitsprake van die Skrif kon neerlê.*

• ***In dieselfde* Beeld *gooi ds. Paul Krüger die roer in 'n ander rigting:***

**Nuwe besluit oor vrou vra groot prys; wil ons betaal?**

Die openbare pers speel 'n onontbeerlike rol om openbare menings te vorm. Dis egter nie nodig dat lidmate van die GKSA self hule vuil wasgoed in die openbaar ophang nie.

... Vertoë kan deur kerkrade gerig word en die saak kan selfs langs ander weë weer onder die aandag van klassisse en sinodes gebring word.

Om van buite af druk te probeer plaas, werk teenproduktief, veral by Afrikaanse Doppers.

Uit die ontstaansgeskiedenis van die GKSA weet ons dat baie Doppers juis halsstarrig vasskop as hulle meen hulle of die eer van God word bedreig.

Ons kan nie bekostig dat gesindhede verhard en ons van mekaar vervreem nie.

Ek vra ook begrip daarvoor dat 'n nuwe besluit oor die rol van die vrou in die amp tans 'n groot prys sal vra van die GKSA, naamlik opsegging van bande met sekere buitelandse Gereformeerde kerke wat die vrou in die amp as 'n teken van vrysinnigheid beskou.

*Ons moet onder mekaar uitmaak of ons die prys wil en moet betaal.*

• ***In* Beeld *van 17 April reageer Susan Coetzee-van Rooy op ds. Krüger se skrywe:***

**Hoe kry lidmaat saak op tafel?**

Ek meen dat die GKSA die Skrif nog nie helder verstaan waar dit oor die saak van die vrou in die ampte gaan nie.

Ek verstaan ook nie waarom bande met buitelandse Gereformeerde kerke so 'n belangrike saak is nie.

... Die belangrike vraag is of bande met buitelandse kerke belangriker is as 'n helder verstaan van dit wat die Skrif oor dié sake sê?

... Die prosedures van ons kerk om gelowiges tot die besluitnemingstrukture van die kerk te gee, is vir my onbekend en daarom ontoeganklik. Maar ek is nou vasberade om uit te vind en dan werk van die saak te maak.

... *Ek sou graag wou dat vroue tydens die GKSA Sinode 2000 meer doen as om te sorg vir keurige toebroodjies en tee. Nie omdat ek moedswillig of snaaks probeer wees nie - maar omdat ek glo dat die Skrif so sê.*

• ***'n Anonieme ouderling maak die volgende opmerkings:***

**Slim retoriek en kerk verwelk**

Die debat oor die vrou se rol in veral die GKSA het weer 'n diepgewortelde frustrasie en teleurstelling in my wakker gemaak.

... Pleks van God se opdrag in die Nuwe Testament in sy wyer konteks te sien (gaan uit en ...), word telkens aan enkele skrifgedeeltes vasgehou om die huidige status quo (dalk eerder "gemaksone" vir leiersfigure in die kerk?) te handhaaf.

- ***Prof. Koos Vorster van die Teologiese Skool Potchefstroom meen dat 'n kernsaak in die hele debat agterweë bly:***

**Gelowige moet geaktiveer word vir diens aan mense**

Om een of ander rede het Gereformeerdes die oortuiging ontwikkel dat 'n Christen diens aan die Here verrig slegs as hy of sy in 'n besondere "amp" in die gemeente bevestig word. Hierdie beskouing dra grootliks by tot die funksieverlies van die kerk in die samelewing vandag.

... Om waarlik kerk te wees in die 21ste eeu sal ons moet besin oor hoe die diens van elke gelowige geaktiveer kan word.

Die Bybel praat veel meer oor die roeping van gelowiges en hoe die Here hulle deur sy Gees met besondere gawes toerus as wat hy praat van die beperkte diens van die besondere ampte. Die ampte is immers nie doel op sigself nie, maar middel tot 'n doel, naamlik om gelowiges toe te rus tot die kerstening van die samelewing en die liefdesdiens aan mense in nood.

*As Christene moet ons doel nie net wees om op die preekstoel of in die kerkraadsbanke te sit nie, maar om by die siekes en die armes te wees en om ons almal te beywer vir 'n ordelike samelewing en hoë morele standaarde. Die amp moet terugkrimp na sy regmatige plek en die gelowige moet uit sy dop kruip.*

- ***Oor die uitpraat van omstrede kwessies skryf Gerhard van der Linde in* Beeld *van 20 April:***

**Rus kerk lidmate hiervoor toe?**

Daar word al jare lank in die GKSA gepraat oor kwessies soos die vrou in die amp en vernuwing in die liturgie, sonder dat betekenisvolle vernuwings deurgevoer is.

... *Verknogtheid aan tradisies en vrees dat konserwatiewes vervreem sal word, lei tot selftevredenheid en apatie teenoor werklike vernuwing. Lidmate wat kritiese geluide maak en vernuwing wil hê, loop hulle teen 'n muur vas. Baie van hulle vind elders 'n geestelike tuiste.*

- ***M.G. Turck skryf:***

**Vroue oorskat hul rol heeltemal**

Vroue moet weer objektief en gehoorsaam na hul rol gaan kyk. Moenie na voorbeelde van vroue in die Bybel gaan kyk nie. Kyk egter na die beginsels wat ten grondslag lê van historiese insidente in die Bybel waarin vroue sterk figureer.

... *Vroue oorskat hul rol en vermoëns heeltemal omdat hulle nie die rol aan hulle toegesê wil aanvaar nie.*

- ***En ds. Hennie van Wyk:***

**Dien die Here, nie eie ego**

Waarom gaan dit in die kerk, en spesifiek die GKSA? Dit behoort te wees dat mense in die enigste ware God glo, Hom dien en volg en gehoorsaam is aan sy Woord. Is die tendens deesdae dat God by die mens moet aanpas en die mens gehoorsaam moet wees?

... Daar lê 'n groot gevaar in uitsprake wat sê dat Paulus dit of Moses dat gesê het. Die implikasie is dat die Bybel deur mense geskryf is en hulle standpunte, voorkeure of afkeure weergee.

Dit kan nie wees nie! Die Bybel is God se Woord, deur die Heilige Gees geïnspireer en is daarom nie 'n sosiologie-handboek nie.

*Ek wil graag die kritici van besluite van die GKSA versoek om die kerklike weg te volg sodat dié sake op die regte forum uitgepraat kan word. Ons is en bly 'n kerk - en ons moet as gemeenskap van die heiliges mekaar liefhê in die gesindheid wat Jesus ons liefgehad het.*

Op elke slak kan (en hoef) geen sout gelê te word nie. Slegs die volgende:

- Wat bedoel Susan Coetzee-Van Rooy met "my kerk"? Toegegee, in die volksmond word daar dikwels so gepraat. Die kerk word egter baie vermenslik as daar gepraat word van "my kerk" en "jou kerk". Temeer wanneer die kerk as 'n "organisasie" beskou word waar "ek en my gawes" welkom moet wees. Hierteenoor staan die Skrifwoord: Die kerk is Christus se eiendom, waar Hy alle seggenskap het[1] en waar God besluit wie watter plek en taak het.[2]
- "Ek glo aan 'n heilige, algemene, christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges." Dit is belydenistaal. "'n Mens moet bewondering hê vir die moed van 'n geneties-gereformeerde vrou wat dit waag om kritiek te lewer op die mensgemaakte dogmas van die kerk en daarmee op die waardigheid van ons broeders." Dit is koeranttaal. Hoe rym dit met mekaar?
- Die versugting dat 'n belangrike vraagstuk soos hierdie vinniger deur meerdere vergaderings hanteer en afgehandel behoort te word, mag nie ongehoord verbygaan nie. Sedert 1973 is dié saak reeds onder bespreking[3]. Hoekom so lank? Sinode 2000 word met spanning afgewag.
- Korrespondensie met Gereformeerde Kerke wêreldwyd is van kernbelang. Die kerk van Christus is tog katoliek, algemeen. Ons erken mekaar in Christus, ons Hoof[4], en luister na mekaar. Veral waar 'n belangrike saak soos hierdie aan die orde is.
- Waar is die diepgaande respek vir en gehoorsame luister na God en Sy Woord? Is dit uit eerbied vir die Here om die onderdanigheid van die vrou (en die man!) - wat uitdruklik in die Skrif geleer word[5] - as belaglik voor te stel, en om Paulus voor te stel as iemand wat bedreig voel oor die rol van die vrou in die kerk? "Wil die berisper met die Almagtige twis? Laat hy wat God teregwys, hierop antwoord."[6]
- "Ek is totaal oortuig dat die Woord van God deur die Heilige Gees geïnspireer is, maar ek besef ook dat die brief aan die Korintiërs deur 'n man geskryf is wat in 'n gees van baie onsekerheid 'n ordelike kerk moes skep." "Ons moet erken dat Paulus 'n Joodse geleerde was wat vanuit 'n bepaalde konteks geskryf het. Die Bybel is deur mense geskryf wat in 'n ander wêreld met ander gebruike as ons geleef het." Die "Bolandse Skrifbeskouing"[7] staan welig in blom.
- Ten slotte: besondere ampsdraers is geroep om die heiliges vir hulle dienswerk toe te rus[8], sodat elke gelowige daadwerklik "uit sy dop sal kruip" - ook elke vrou op haar Godgegewe plek!

---

1 1 Petrus 5:2-4.
2 1 Korintiërs 12:12-31.
3 Handelinge Nasionale Sinode 1973, p. 119.
4 1 Koriniërs 1:2; Openbaring 1:13,20.
5 Efesiërs 5:21,22.
6 Job 39:35.
7 Sien dr JG Meijer se Ope brief aan die Gereformeerde Kerke in die ressort van Klassis Boland onder die titel "U kneg hoor". 1995, Printburo.
8 Efesiërs 4:12.